

LIEDERE WAT IN DIE EREDIENS GESING WORD

Sondag 20 Mei 2012

Oggenddiens 09:30			Aanddiens 18:00	
	Lied	Bladisy	Lied	Bladisy
1.	Psalm 98:1	Bl.488	Psalm 150:1& 2	Bl.720
2.	Skrifberyming 9-3:1 & 2		Psalm 36:1 & 3	Bl.178
3.	Psalm 128:1	Bl.629	Psalm 147:1	Bl.704
4.	Psalm 48:1 & 4	Bl. 243		

BYBELSTUDIE GROEPE

SONDAG 20 Mei 2012

- 19:00-20:00 in die konsistorie vir Bybelstudie uit *Hebreërs*.

WOENSDAG 23 Mei 2012

- 10:00-11:00 in die konsistorie vir Bybelstudie uit *Lukas*.
- 18:00-19:00 in die konsistorie die Voetsoldate Jeuggroep 7 en ouer.

WINTER-BEDERPAKKIES, PRESIDENT KRUGER KINDERHUIS, PRETORIA

Lidmate word vriendelik gevra om 'n leë houër, beskikbaar by die uitgange, te neem. Dit kan gevul word en met **Nagmaal-Sondag, 27 Mei**, weer by die konsistorie afgegee word. Die Diakonie van ons gemeente is verantwoordelik vir die Bonsai-groep (9 seuns) by hierdie Kinderhuis en ons wil hulle graag bederf met eetgoed, wat hulle saans na studietyd kan geniet. Ons bedank u weereens vir al die steun van die verlede. **Skakelpersone:** Hanlie Mocke en Martie Venter

SKOOLVERLATERSKAMP


Tema: Ken die Here persoonlik

Wanneer: 8-13 Julie 2012

Koste: R600

Vir verdere inligting kontak: Paul Vogel 084 440 2199

paulkrugervogel@yahoo.com



SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 7

Sondag 20 Mei 2012

Nommer 14

STANDPUNT MENSE

'n Christen moet **standpunte** hê! As gelowige moet jy kan sê wat jy dink van alles en nog wat. Jy moet beginsel-standpunt kan inneem ten opsigte van die dinge wat daagliks gebeur, byvoorbeeld:

- ❖ Wat is die doel en betekenis van die lewe?
- ❖ Wat is die belangrikste wat in jou menseverhoudinge gesien word?
- ❖ Wat is jou standpunt oor sonde, ongeregtigheid, onreg, liefde en barmhartigheid?
- ❖ Wat dink jy van dobbel, lotery en kansspele?
- ❖ Wat is jou standpunt oor Sondagsport en Sondaghandel, Sondagviering?
- ❖ Wat dink jy van naaktheid en pornografie?
- ❖ Hoe moet 'n partytjie wees om suksesvol te wees?

Elke gelowige mens sal antwoorde op hierdie vrae moet hê en jou antwoord op die vrae is jou *standpunt*, jou *opinie*, jou *oortuiging*. 'n Gelowige moet homself rekenskap gee van sy standpunte.

Kommunisme, liberalisme, sosialisme, eksistensialisme, calvinisme is almal sekere standpunte oor die lewe. Van 'n gelowige word 'n *Christelike standpunt* oor alles in die lewe verwag. Jy moet na die lewe en die wêreld rondom jou kyk deur die **bril van die Bybel**. Dit beteken dat jy alles moet oordeel en meet aan die waarheid van die Bybel. Die wil van God moet jy toepas in alles fasette van jou lewe, dit is die belangrikheid van 'n Christelike standpunt in die praktyk van die lewe. Jy strewe in alles om in pas te wees met die Woord van God, as jou die enigste rigsnoer. Deur jou omgang met die Bybel, die prediking, katkisasie, Bybelstudie, geskrewe artikels word jou standpunte gevorm soos dit wortel in die Woord van God. God verwag van jou om standpunt in te neem.

Dr. Nico van der Merwe

2.

SIMBAAL 20 Mei 2012



PREKE VANDAG



Ds. Andre de Jager

Oggenddiens Tema: **DIE BELOFTE, OPDRAG EN GAWE VAN 'N REIN HART**

Lees: Matteus 5:3-12

Teks: Matteus 5:8

'n Defenisie van 'n rein hart is 'n hart wat net een wil het en dit is om God te dien en te verheerlik. En hart beteken natuurlik basies my hele wese. Dit is my ingesteldheid, my gerigtheid, my verstand. Alles moet daarop ingestel wees om God te dien en te verheerlik

Aanddiens Tema: **JESUS IS IN BEHEER**

Lees: Prediker 3:1-13

Teks: Prediker 3:12-13

Jesus Christus is nie beperk tot die natuurlike verloop van dinge nie. Hy is nie beperk om op 'n bepaalde tyd sekere dinge te doen nie. Hy stel die beperkinge en bepaal die tye omdat Hy in beheer is van die hele skepping.

DIE LES VAN DIE HARDWERKENDE MIER

Teks: Spreuke 6:6 *"Gaan kyk na die mier, luiaard, kyk hoe hy werk, en leer by hom."*

Christus leer jou om nie oor mōre bekommerd te wees nie [Matt 6:34] maar te bid: *"Gee ons vandag ons daaglikse brood"* [Matt 6:11]. Jy moet dus leer om, wat die toekoms betref, op God te wag. *Wag* is nie niksdoen nie. *Wag* en *werk* is God se op- drag. Jy kan nie tot God bid vir sukses en dan arms gevou gaan sit en wag dat God dit gee nie. Jy moet *werk*: elke dag jou plig doen, gereeld jou werk afhandel, ekstra aandag aan jou lewensroeping gee. Dan kan jy verwag dat God jou sal seën. In hierdie opsig wys God die gelowige op die *mier*. Miere doen elke dag hulle bes. Hulle kos maak hulle bietjie vir bietjie deur die somerseisoen bymekaar dan is die nes vol kos vir die winter. God waarsku teen luiheid en leegleëry. God het aan jou gawes gegee om sukses te bereik met

dit wat jy jousef in die lewe as ideaal stel. Maar steeds sal jy moet werk en daaglik jousef inspan om dit te bereik.

SIMBAAL 20 Mei 2012

7.

55 PLUSERS-BYEENKOMS

Tema: SOLDERSTORIES en KUIERKOS

Datum: Vrydagaand 25 Mei 2012. **Tyd:** 18h30. **Plek:** Kerksaal.

Bring saam: : Een boerekos-gereg (genoeg vir 4 persone). Skakel Christa Snyman vir idees (083 701 5498). Eetgerei, glas en drinkgoed

Drag: Uit Ouma en Oupa se klerekas

Almal wat hierdie gesellige aand wil bywoon, skryf asseblief jul name op die lyste in die portaal of konsistorie.

CREDO BRING EN BRAAI

Almal word uitgenooi om op **Saterdag, 26 Mei 2012 om 14:00** onder die afdakke bymekaar te kom vir 'n bring en braai. Ons gaan in spanne verdeel en (leer) saam Credo speel. Teen ongeveer **16:00** sal ons begin braai sodat ons klaar kan wees voor die ergste koue toeslaan.

Bring asseblief saam: · Jou stoel. · Jou drinkdingetjie. · Jou vleisie
Let asseblief dat ons, die Voetsoldate, **ALLE GEMEENTELEDE** nooi om saam te kom kuier, lag en speel.

KINDER EN JEUGKONFERENSIE 26-28 SEPTEMBER 2012

Die Fakulteit Teologie bied 'n konferensie aan met die oog op toerusting van almal wat met kinders en jeug werk. Verskeie kenners op die gebied van kinders en jeugsorg sal tydens die konferensieoptree. Die konferensie sal bestaan uit verskeie gesamentlike sessies asook parallelle sessies. Van die sprekers wat sal optree is: **Prof. Malan Nel, Craig Groome, Dr. Jan Grobbelaar, Marius Storm** Verskeie predikante uit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sal ook gedurende die konferensie optree. Daar sal ook verskeie werkswinkels aangebied word. Konferensiegangers sal vir hulle eie **huisvesting** verantwoordelik wees. **Inskrywingsvorme** en verdere detail sal spoedig beskikbaar gestel word. Ons versoek kerkrade om **predikante, kategete** en almal wat met die kinders en jeugwerk in staat te stel om hierdie konferensie by te woon. Alle **Ouers** sal ook baie baat vind by die konferensie

Met dank
Prof. dr. Gert Breed (TSP)

6. SIMBAAL 20 Mei 2012

NUUS UIT SRI LANKA

Lidmate sal onthou dat *Pieter Ter Haar*, sendeling in Sri Lanka, ons gemeente in Oktober 2011 toegesprek het. Pieter en sy vrou, Luise, bedryf reeds 25 jaar lank 'n Kinderhuis waar hulle die Woord van die Here verkondig in 'n wêreld waar die Christendom nie welkom is nie. Hulle is deur al die jare geestelik en finansiële ondersteun deur Suid-Afrikaanse kerke. Een van ons lidmate het per geleentheid besoek afgelê by die Kinderhuis van Pieter en Luise, en was beïndruk met die deursettingsvermoë wat hulle aan die dag lê om onder moeilike omstandighede die Verlossingsboodskap van Jesus Christus te verkondig.

Die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord het besluit om die sendingaksie te ondersteun met ongeveer R2000 per maand. Lidmate wat graag hiertoe wil bydra, kan dit by hul maandelikse bydrae voeg en duidelik merk "Sendingaksie - Sri Lanka". Meer besonderhede is beskikbaar by die Sameroeper van die Sendingkommissie, Johan Mocke (083 292 8337).

NUUSBRIEF VANAF JEEVANAKANDA GIRL'S HOME ("THE REFUGE") - SRI LANKA

Groete vanuit die heerlike koel heuwels van Sentraal Sri Lanka! Baie dankie aan elkeen wat gereeld navraag doen oor ons werk hier. Die staat het alle werkspermitte van vrywillige werkers wat langer as 3 jaar in die land is, gekanselleer. Soos julle weet, is ek al 26 jaar in die land en immigrasiebeamptes is bewus daarvan. Ons as gesin het spesiale toestemming ontvang om met die werk onder die gemolesteerde kinders te kan voortgaan. Prys die Here! Daar is tans 25 dogters in die kindershuis. Een van hulle is Arisi (17). Haar oom het haar verkrag en sy het geboorte gegee aan 'n babadogtertjie. Na 'n hofbevel het sy onlangs by die Kinderhuis aangekom met trane in haar oë omdat sy moes afskeid neem van haar kind. Nog 'n dogter is Hansika, wat as onskuldige 10-jarige deur haar ouma aan 'n plaaslike tempel oorhandig is. Daar is sy 3 jaar lank deur die hoofpriester misbruik, totdat iemand die polisie ingelig het. Toe die storie landswyd in plaaslike koerante verskyn het, het die priester haar met die dood gedreig.

Ons het onlangs met 'n projek begin waar die dogters geleer word om batik te ontwerp. Dit sal in die toekoms gebruik word as 'n bron van inkomste, veral vir die seniors. Saans het ons 'n tyd van gebed, sang en Skriflesing. Vir die meeste van die kinders is dit hul eerste blootstelling aan die Evangelie. Ons twee dogters, Chantelle en Sonia, is gelukkig in hulle skool – die enigste twee blankes in 'n skool van 1200 leerlinge. Ons dank die Here dat hulle tussen hul skoolmaats standpunt vir Christus kan inneem, ten spyte daarvan dat hul soms oor hul agtergrond geterg word.

Groete in Christus, Pieter, Luise, Chantelle en Sonia Ter Haar, en almal by Jeevanakanda

SIMBAAL 20 Mei 2012

3.

LIEF EN LEED



- ***Br. Pieter Aucamp*** het op Donderdag 17 Mei 'n skildklieroperasie in Potchefstroom ondergaan. Ons wens hom en sr. Mariana sterkte toe en bid vir spoedige herstel.
- ***Hennie Fourie*** was met sy hand onder operasie. Mag die hand vinnig en heeltemal herstel.

BEWAAR

- Bewaar my voete...
dat hulle op die regte weë mag gaan.
- Bewaar my hande...
dat hulle mag werk tot U eer.
- Bewaar my oë...
dat hulle op U gerig bly.
- Bewaar my ore...
dat hulle luister na U stem.
- Bewaar my lippe...
dat hulle spreek volgens U wil.
- Bewaar my hart...
dat dit alleen op U vertrou.

Amen

(Jo Kalmijn-Spierenburg)

KOLLEKTES

Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
20 Mei	Barmhartigheid	Christelike Onderwys-ARSO
27 Mei	Barmhartigheid	Emeritaatsversorging
03 Junie	Barmhartigheid	Teologiese Studentekas
10 Junie	Barmhartigheid	Emeritaatsfonds

GEMEENTEPROGRAM

Sondag 20 Mei tot Saterdag 26 Mei 2012

Sondag 20 Mei	Oggenddiens	09:30-10:30
Sondag 20 Mei	Katkisasie les 12	10:30-11:00
Sondag 20 Mei	Aanddiens	18:00-19:00
Sondag 20 Mei	Bybelstudie in Konsistorie	19:00-20:00
Woensdag 23 Mei	Bybelstudie in Konsistorie	10:00-11:00
Donderdag 24 Mei	Vergadering Ouderlinge	18:00

TEESKINKBEURTE

Sondag 20 Mei 2012	Wyke 27 & 28
Sondag 27 Mei 2012	Geen teeskink / Nagmaal
Sondag 03 Junie 2012	Wyke 03 & 04
Sondag 10 Junie 2012	Wyke 05 & 06
Sondag 17 Junie 2012	Wyke 07 & 08

VERJAARDAE

20 Mei 2012 tot 26 Mei 2012


20 Mei	Liana Gainsford	<i>Wyk 03</i>	083-570-7232
20 Mei	Jan de Klerk (Jnr.)	<i>Wyk 12</i>	082-574-3562
20 Mei	Anton vd Westhuizen	<i>Wyk 24</i>	082-824-6932
23 Mei	Megan Kruger	<i>Wyk 04</i>	018-468-3351
23 Mei	Jonela Jansen	<i>Wyk 09</i>	082-324-7544
23 Mei	Estefan van der Walt	<i>Wyk 13</i>	082-940-9015
26 Mei	Hennie Oosthuizen	<i>Wyk 10</i>	082-901-4086

Elkeen van hierdie lidmate wat in die komende week verjaar: Van harte gelukgewens! Die gemeente bid julle die seën en bystand van die Here toe.



4

SIMBAAL 20 Mei 2012



SIMBAAL 20 Mei 2012

5.

BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

BEROEPE ONTVANG

- Ds. OJ Struwig van Delmas na Vryheid.
- Ds. G van Wyk van Pretoria-Brooklyn na Potchefstroom-Die Bult as medeleraar.

BEROEPE AANVAAR

- Ds. C de Beer van Hoëveld na Boksburg-Suid.
- Ds. H Reinecke van George na Kuruman.

BEROEPE BEDANK

- Ds. CJ Nagel [jr.] van Nylstroom na Zeerust.
- Ds. CJ Rossouw van Daspoort na Aranos/Khomas Hoogland/Namib Kus.



BORG-'N-BYBEL

Alle lidmate word aangemoedig en opgeroep om vanjaar deel te wees van hierdie grootse aksie. Die fokus is vanjaar op die Bybel, en nie bloot op die geld wat bygedra word nie.

MIKPUNTE:

1. 'n Standaard-Bybel kos tans **R52.00**.
 2. Borg-'n-Bybel-aksie word vanjaar afgesluit op **28 Oktober**.
 3. Ons eerste mikpunt is dat **elke besoekpunt** (153 besoekpunte) 'n Bybel sal borg. Dit beteken **26 Bybels per maand** (Mei tot Oktober) – 'n bedrag van ten minste **R1352 per maand**.
 4. Ons uiteindelik mikpunt is dat **elke lidmaat een of meer Bybels sal borg**.
 5. U kan u bydrae saam met u maandelikse bydrae voeg of in 'n Bybelverspreidingskoevertjie by die kerk inhandig.
- Met vertroue dat God hierdie aksie ryklik sal seën! SOLI DEO GLORIA.
ABRIE LOTTER

